
JW.ORG™
Laai hierdie PDF af by www.jw.org/af

# Leer hoe om die Bybel te gebruik

Die apostel Paulus is een van die bekendste Christenpredikers. Wat het hom gehelp om onbevrees te wees en met ander oor sy godsdiensoortuigings te praat?

Paulus het geskryf: "Doen jou uiterste bes om jou goedgekeur voor God te stel, as 'n werker wat hom oor niks hoef te skaam nie, wat *die woord van die waarheid* reg hanteer" (2 Timoteus 2:15). Net soos Paulus "die woord van die waarheid" gebruik het, kan jy die Bybel gebruik om met ander oor jou godsdiensoortuigings te praat.

Kyk as 'n gesin deur "Antwoorde op Bybelvrae" op jw.org/af. (Kyk onder BYBELLERINGE > ANTWOORDE OP BYBELVRAE.) Kies in die gedeelte onder "Gebed" 'n vraag wat julle waarskynlik gevra sal word. Lees die antwoord. Bespreek watter teks elkeen van julle sal lees om die vraag te beantwoord. Oefen dan julle antwoorde deur beurte te neem om die vraag te vra en dit met behulp van die Bybel te beantwoord. Skryf die vraag in die spraakborrel bo die een kind se kop op hierdie bladsy. Skryf dan in die ander borrel die Bybelboek, hoofstuk en vers wat julle sal gebruik om die vraag te beantwoord.



▶ **PROBEER NOU DIE VOLGENDE:** Vind meer uit oor die apostel Paulus. Laai die Bybelkarakterkaart "Paulus" af by jw.org/af. (Kyk onder BYBELLERINGE > KINDERS > BYBELKARAKTERKAARTE.) Probeer die vrae op die kaart beantwoord, en kyk dan of julle antwoorde reg is.

www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania